Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde : South African Medical Journal

Kaapstad 2 April 1960 Deel 34 No. 14 Volume 34 Cape Town, 2 April 1960

MEDIESE SUPERINTENDENTE OF LEKE-ADMINISTRATEURS VIR ALGEMENE HOSPITALE*

J. DE BEER, *Geneesheer-Direkteur, Voortrekker-Hospitaal, Kroonstad*

In die lig van huidige neigings en verwikkelinge in die hospitaaladministrasie in die Unie, voel ek dat dit noodsaaklik geword het om ons bestaan as mediese superintendente in die weegskaal te plaas en in oënskou te neem. Verlede jaar het daar ontsteltenis en onrustigheid geheers oor die moontlikheid dat leke aangestel kon word in betrekkings wat tans gevul word deur geneeshere as superintendente van hospitale. Juis om hierdie rede het ek op 'n onlangse studietoer deur Groot-Brittanje, noukeurige aandag bestee aan hierdie saak. Graag wil ek dan ook my opregte dank en waardering uitspreek teenoor alle amptenare van die Ministerie van Gesondheid van Engeland en Skotland, wat hierdie studie moontlik gemaak het, deur openhartige besprekings te voer oor hierdie ingewikkelde en omvattende onderwerp.

U is bewus daarvan dat die mediese superintendente in Engeland feitlik van die toneel verdwyn het, en dat hulle vervang is deur leke-administratiewe beamptes, wat ek vir die doel van hierdie bespreking, administrateurs sal noem. Aangesien hierdie verwikkelinge vanaf 'n juiste datum in Engeland begin het, wil ek trag om aan u die beeld te skilder voor 1948, en na 1948 met die instelling van 'n nasionale gesondheidskema in Groot Brittanje. Die hospitale wat onder bespreking is, is algemene hospitale wat nie direk verbonde is aan mediese skole nie.

Voor die Instelling van die Nasionale Gesondheidsdiens in 1948

In Engeland was daar twee tradisionele soorte hospitaaladministrasie. In die hospitale wat bestaan het uit vrywillige donasies, was 'n hospitaalraad in bevel, met 'n leke-administrateur in 'n voltydse hoedanigheid, om die raad se bevele en wense uit te voer. Enige kliniese sake is vir bespreking verwys na 'n mediese advieskomitee, en hulle aanbevelings is oorgedra aan die hospitaalraad.

In die munisipale hospitale was die algemene gebruik om 'n mediese superintendent aan te stel. Hy het administratiewe beheer oor die hospitaal gehad, en was ook in bevel van alle bedde—afgesien van die feit dat ander spesialiteite kliniese verantwoordelikhede gehad het. Alhoewel sy dienste en verantwoordelikhede nie duidelik omskryf was nie, het hy beheer uitgeoefen oor die sekretaris en sy personeel, die matrone en verplegingspersoneel, en selfs oor elke ambagsman. Alhoewel die superintendente ook kliniese werk gedoen het, het die omvang daarvan gewissel van hospitaal tot hospitaal, ooreenkomstig die superintendent se belange en bevoegdheid.

Uit betroubare verslae is dit dan ook duidelik dat sommige superintendente van hulle magte misbruik gemaak het deur hulle te bemoei met die behandeling van pasiënte, en sodoende te oortree op die gebied van 'n meer bevoegde klinikus. Verder het die verstandhouding ook gegeld dat die mediese superintendent die volle seggenskap het in enige saak rakende daardie hospitaal. In Skotlandse hospitale was dit duidelik neergelê dat mediese superintendente bloot administratiewe beamptes was, alhoewel hulle nog verantwoordelik was vir die welsyn van alle pasiënte. Met ander woorde, hulle het nie kliniese werk verrig nie. Die superintendent is beskou as die hoof van die hospitaal en alhoewel die sekretaris en matrone feitlik volle beheer oor hulle personeel gehad het, was hulle nogtans verantwoordelik aan hom. Die sekretaris, matrone en ingenieur was dan ook raadgewers vir superintendente oor sake op hulle gebied, en terselfdertyd ook uitvoerende beamptes met heelwat magte. Hierdie toedrag van sake het meegebring dat die superintendent gefunksioneer het as 'n saambindende faktor van alle aktiwiteite in 'n hospitaal, maar terselfdertyd ook opgetree het as uitvoerende hoof met gesag.

Na die Instelling van die Nasionale Gesondheidsdiens in 1948

In Engeland is daar nou twee soorte beheerreëlings in hospitale.

Eerstens, is daar dié hospitale waar geen mediese beampte in beheer is nie, maar wel 'n leek in die persoon van die administrateur. Hy is die uitvoerende beampte van die hospitaal se bestuurraad. Sy pligte is om alle hospitaalaktiwiteite (uitgesluit kliniese sake), saam te snoer, en toe te sien dat alle afdelings van die hospitaal glad funksioneer. Hy word met advies bedien oor kliniese sake deur 'n mediese advieskomitee, waarvan die voorsitter die mondstuk is. Daar word gevind dat die administrateur en die voorsitter van die komitee daagliks moet beraadslag oor mediese aangeleenthede. Die buitepasiënte- en ongevalleafdelings, siek verpleegsters, en toesig oor junior voltydse mediese beamptes word oorgelaat aan een van die senior voltydse geneeshere.

Die tweede groep hospitale het 'n senior mediese beampte wat hoofsaaklik voltydse kliniese werk in die hospitaal doen, maar ook 'n klein gedeelte van sy tyd bestee aan toesighou oor die ongevalle- en buitepasiënteafdelings en verwante afdelings, soos byvoorbeeld fisio- en beroepsterapie. Funksioneel is hulle belangrikste rol waarskynlik om alledaagse probleme tussen mediese personeel en administratiewe beleid uit te pluis en te verduidelik.

In albei groepe hospitale word die beleid van gelyke drievoudige administrasie toegepas. Dit beteken dat die drie groepe, naamlik, lekebeamptes, mediese personeel en verpleegsters elkeen apart deur 'n hoof geadministreer word. Hierdie hoofde het gelyke status, en die administrateur van die hospitaal is die saambindende faktor wat die drie groepe as 'n span te laat funksioneer. Let wel, hy is nie die hoof van die drie groepe nie, maar net 'n snoerende faktor!

In Skotlandse hospitale word die tradisionele mediese superintendent nog behou, met 'n leke-sekretaris wat amper gelyke status het, maar nogtans ondergeskik is. Die super-

* Lesing gelewer tydens die 42ste Suid-Afrikaanse Mediese Kongres (M.V.S.A.), Oos-Londen, K.P., September-Oktober 1959.

intendent is nog hoof van alle afdelings, alhoewel hy van sy magte delegeer aan die sekretaris en matrone, volgens hul bekwaamheid en omstandighede. Dit wil sê, die administratiewe raamwerk is in baie opsigte ooreenstemmend met hospitale in die Unie.

Waarom het Skotse Hospitale hul Beleid Gehandhaaf en Waarom het Engelse Hospitale Geneig om Weg te Doen met Superintendente?

Hierdie vraag ontstaan onwillekeurig en die redes en verklarings is heel interessant. In Skotland se hospitale is die ou beleid om mediese superintendente aan te stel, gehandhaaf omdat geen konkrete redes gevind is vir hul afskaffing nie. Die ou stelsel het bevredigend gewerk, en omdat superintendente nie self kliniese werk onderneem het nie, was daar nie 'n gespanne gevoel tussen hulle en die geneeshere nie. Verder, die owerhede was nie te vinde vir veranderinge nie, tensy dit onteenseglik duidelik was dat 'n ander stelsel meer doeltreffend sou wees en radikale verbeteringe sou teweegbring. Die owerhede was nie bereid om te eksperimenteer en terselfdertyd antagonisme op te wek nie.

In Engeland se hospitale, soos reeds genoem, was die superintendent in absolute beheer van die lekebeamptes, mediese en verpleegingspersoneel. Boonop het hy volle seggenskap gehad oor pasiënte in die hospitaal en hul behandeling, selfs waar spesialiste die behandeling waarneem. Hierdie toestand het nadelige gevolge gehad! Die superintendent het nie die nodige kwalifikasies en bevoegdhede gehad om met spesialiste te redeneer oor fynere kliniese sake nie. In plaas daarvan dat die meer gesaghebbende bron se opinie gerespekteer word, is in sommige gevalle gebruik gemaak van die superintendent se magsposisie om 'n saak in sy guns te beslis. Natuurlik het so 'n dwase optrede die geneeshere geantagoniseer! Ook het die superintendent nie die praktiese ondervinding gehad om die sekretaris se werksmetodes te kritiseer nie, maar het van sy gesag gebruik gemaak om sy idees te laat uitvoer, somtyds maar bra onprakties. Hierdie optrede het geen vriend van sy sekretaris gemaak nie. Daar moet geensins afgelei word dat alle superintendente aan sulke dwase optrede skuldig was nie, maar ongelukkig het 'n gedeelte se onbedagsaamheid die hele groep geaffekteer.

Dus, deur die ongelukkige sameloop van omstandighede het die meer senior lede van die mediese personeel en die sekretarisse begin saamwerk, met 'n gemeenskaplike doel, naamlik, om ontslae te raak van die mediese superintendente. Hierin het hulle uitmuntend geslaag in Engeland. Hulle ywer is bekroon met veral twee belangrike beleidsveranderinge in 1948:

Eerstens, alle beheer oor bedde voorheen onder die mediese superintendente, is weggeneem en toegeken en verdeel onder indiwiduele spesialiste.

Tweedens is daar weggedoen met die amp van mediese superintendent. In die 1930-iger jare was hul salarisse ongeveer £1,500 per jaar en *van* die hoogsbesoldigste poste in die gesondheidsdiens. In 1948 is besluit dat waar 'n superintendent alleen administratiewe pligte waargeneem het, hy in die toekoms op dieselfde salarisskaal as 'n senior leke-administratiewe beampte geplaas word. Volgens amptelike verslae van die Ministerie, het 'n baie klein persentasie oud-superintendente finansiële verliese gely, maar die sielkundige skade berokken deur afbreuk van status en 'n gevoel van oortolligheid, was onberekenbaar. Ook is enige finansiële aansporing om 'n sukses te maak van administratiewe werk geheel en al verwyder.

Die ander groep superintendente wat hul meesal besig gehou met met kliniese werk, is opgeneem in poste van voltydse mediese beamptes en volgens daardie salarisskaal besoldig. Aangesien die meeste van hierdie superintendente, uit die aard van hul amp, nie absoluut op hoogte was met gevorderde kliniese werk nie, is baie min van hulle opgeneem in senior poste van mediese beamptes. Die uiteinde van die saak was dat superintendente op 'n vernederende manier van die toneel verdwyn het.

Nou het sake tot 'n interessante punt gevorder. Die mediese beamptes het in hul strewe onder 'n wanindruk verkeer, dat, sodra die superintendente van die toneel verwyder was, hulle 'n magsposisie sou verkry en dat hulle die leke-sekretaris dan sou kon gebied om hul eie begeertes en wense uit te voer. 'n Baie kort rukkie lank het dit geslaag, maar onverwags vinnig het hierdie administrateurs gesaghebbende figure geword. Die mediese personeel moes nou hul vertoë en versoeke tot hom rig, aangesien hy geleidelik groot uitvoerende magte verkry het.

'n Verdere verwikkeling was dat waar geneeshere voorheen vrye toegang tot die mediese superintendente gehad het om probleme te bespreek, hulle nou deur neergelegde amptelike kanale hulle klagtes moes stuur. Hierdie klagtes is dan op verskeie komitees bespreek en besleg. Die persoonlike verhouding tussen geneeshere en superintendente het verdwyn, en 'n omslagtige formele stelsel het die plek daarvan ingeneem.

HUIDIGE HOSPITAALADMINISTRASIE IN ENGELAND

Die beleid wat sedert 1949 gevolg is, het onverwagte probleme meegebring. Dit is onvermydelik dat, hoe deeglik reëlings ook al getref word vir gedurige samesprekings tussen die mediese advieskomitee en die administrateur, laasgenoemde al meer en meer verantwoordelikheid vir mediese sake moet dra. Omdat mediese aangeleenthede so 'n groot en integrale deel van hospitaaladministrasie uitmaak, moes daar 'n uitgebreide en omslagtige komiteestelsel formuleer word om mediese sake te behartig. Hierdie nimmereindigende reeks komiteevergaderings tref die besoeker onmiddellik en, alhoewel dit seker 'n demokratiese stelsel is, werk dit nie oortuigend, vinnig, prakties of doeltreffend nie. Hierdie stelling is deur verskeie geneeshere gemaak, en sommige meen dat dit in menige gevalle nie die moeite werd is nie. Uit die aard van hulle werk moet geneeshere behendig, vinnig en beslis optree, en die lang uitgerekte besprekings oor relatiewe onbenullige sake is teenstrydig met die aard van die medici.

Die gelyke drievoudige vorm van hospitaaladministrasie het ook sy probleme. Teoreties klink dit ideaal dat die leke, mediese- en verpleegingsafdelings gelyke status het en as 'n span saamwerk met die administrateur wat bloot as 'n bindende faktor optree. Prakties word gevind dat 'n sterk persoonlikheid onder die drie hoofde uiteindelik die leiding sal neem. Hierdie menslike element sal altyd teenwoordig wees. 'n Bindende faktor met gelyke status is nie prakties doeltreffend nie, en 'n duidelik omskrewe gesaghebbende faktor sal meer bevredigend wees. Die hoof van die drie afdelings by wie hierdie gesag geplaas moet word, sal ongetwyfeld die hoof van die mediese afdeling wees.

Die administrateurs is op die oog indrukwekkend besig en die hoeveelheid kennis oor mediese aangeleenthede waaroor sommige beskik, is verbasend goed. Dit is ook treffend dat sommige, ander huidige moeilike finansiële omstandighede, 'n goeie sin van besparing toon op mediese gebied,

byvoorbeeld met die aankoop van sterilisators, lampe en toerusting.

Daar word egter gevoel dat hierdie leke nie die nodige mediese opleiding en agtergrond het om by te dra tot die breër ontwikkeling, verbetering en uitbreiding van mediese dienste nie. Gevolglik ontstaan daar die behoefte vir die instelling van verteenwoordigende ontwikkelingskomitees op 'n streeksbasis. Hierdie leemte kan moontlik gevul word deur mediese superintendente.

Daar heers tans 'n gevoel van verbittering tussen administrateurs as hoofde van hospitale en mediese superintendente in Skotse hospitale. Vir die buitestaander kom dit veral voor dat die administrateur nie geredelik wil toegee dat 'n geneeshеer ook 'n goeie administratiewe beampte kan wees nie. Dit skyn asof sy mediese kwalifikasies hom diskwalifiseer in die oë van die administrateur. In teenstelling hiermee gee die meerderheid van superintendente toe dat 'n leek, bygestaan deur 'n goeie mediese advieskomitee, hom redelik goed van sy taak sal kwyt, alhoewel die stelsel en nie die persoon nie noodwendig omslagtigheid sal meebring. Die bevooroordeling aan die kant van die administrateurs is te verstane, aangesien hulle amp en status op die spel is.

'n Verdere tekortkoming in Engeland is die beheer van alle veranderinge en uitbreidings in hospitale deur afgeleë streeksbeheerrade. Hierdie rade moet die kleinste verandering omslagtig nagaan en goedkeur, en dit deur amptenare wat onbekend is met die betrokke hospitaal se omstandighede.

Die neiging in Engeland is om stadig terug te keer na die ou stelsel van mediese superintendente, alhoewel miskien nie net soos dit was nie. Dit is 'n geleidelike oorgang en die tekens daarvan is as volg: By sekere hospitale waar daar 'n spesialis is met 'n talent vir organisasie, word die betrokke persoon versoek om 'n deel van sy tyd te bestee aan algemene administratiewe pligte. As gevolg van sy status en talent vir administrasie, sal hy in alle waarskynlikheid leiding neem in die drievoudige administrasiestelsel. Dit sal meebring dat 'n groter deel van sy tyd aan administratiewe pligte bestee word, en die leemte vir 'n voltydse administratiewe mediese beampte sal daargestel word.

Waarom neem Engeland dan nie die Skotse beleid oor nie? Die subtiele, dog voelbare stramheid tussen Engeland en Skotland speel waarskynlik 'n rol. Oor hierdie stramheid kan die geskiedkundiges beter uitwei as wat ek dit kan doen.

'n Interessante brokkie nuus is dat die Edinburghse Mediese Skool dit tans oorweeg om 'n diplomagraad in administrasie van mediese dienste, in die lewe te roep. Die kursus sal een jaar duur, en sal alleen vir gegradueerdes (medies- of nie medies) oopgestel word. Die groot rede vir die ontstaan van die kursus is om die gaping tussen superintendente en leke-administrateurs te oorbrug. Vir nie-medies gegradueerdes sal sekere vakke, bv. elementêre medisyne, publieke gesondheid, ens. bygevoeg word. Dit is 'n onomstootbare bewys dat 'n mediese kennis en agtergrond wel belangrik is.

Die beleid om mediese superintendente aan te stel in bevel van inrigtings vir geestesversteurdes en hospitale vir aansteeklike siektes word algemeen aangeneem in Engeland en Skotland. Hier word hulle as onmisbaar beskou, en 'n groot getal van hulle is verantwoordelik vir 'n deel van die behandeling van die pasiënte.

In Skotlandse hospitale, is die superintendent nog hoof van die hospitaal, en hy delegeer van sy magte aan die sekretaris en die matrone. Kritiek wat teëgehou is, is dat die indeling van magte en pligte nie duidelik genoeg omskryf is nie en dat dit tot onenigheid kan lei. Daar was wel nie 'n onaangename gevoel tussen die superintendente en sekretarisse te bespeur nie. Alhoewel voorgenoemde kritiek in sekere gevalle gestaaf kan word, toon die feite dat hierdie swakheid nie aan die stelsel te wyte is nie, maar liewer aan swakhede in die ampsdraers self.

DIE VOOR- EN NADELE VAN MEDIESE SUPERINTENDENTE

A. *Voordele*

(i) Superintendente vorm 'n effektiewe skakel tussen geneeshere, verpleegingspersoneel, administratiewe beamptes, en ander afdelings van die mediese dienste. Hospitalisasie is 'n deel van 'n pasiënt se behandeling, en die superintendent moet toesien dat hierdie deel glad funksioneer, in aansluiting met die vorige behandeling en toekomstige na-behandeling.

(ii) Die mediese agtergrond van 'n superintendent stel hom in staat om besparing en doeltreffende administrasie te bevorder sonder dat die hoofdoel, naamlik, die pasiënt se welstand, uit die oog verloor word.

(iii) Die superintendent se kwalifikasie bekwaam hom om spoedig en doeltreffend sy werkkragte te mobiliseer en te herorganiseer om enige noodtoestand die hoof te bied.

(iv) Dit is essensieel om altyd iemand beskikbaar te hê om aan enige administratiewe en mediese probleme aandag te gee.

(v) 'n Superintendent, as 'n onpartydige persoon, het 'n breër begrip van uitbreiding van mediese dienste en toekomstige ontwikkeling. Daarom is hy meer geskik om tekortkominge op hul meriete te behandel. Hy kan dus enige oormatige entoesiasme in een afdeling inkort ten voordele van 'n ander afdeling waar uitbreiding belangriker is vir die pasiënt se welstand.

(vi) Die redelike en regverdige superintendent is meer aanneemlik vir die mediese personeel om mee te onderhandel, aangesien hulle (*a*) op gemeenskaplike intellektuele vlakke kan redeneer oor sake waarin albei opleiding gehad het, en (*b*) hy self geen voordeel trek uit behandeling van pasiënte nie.

B. *Nadele*

(i) In die teenwoordigheid van superintendente is die mediese personeel minder geneig om uiting te gee aan hulle idees vir enige verbetering in organisasie. Baie sal natuurlik afhang van die superintendent se persoonlikheid en sy gawe om openhartige omgang met sy personeel te bewerkstellig.

(ii) Te veel gesag word aan een persoon verleen en, deur sy positiewe of negatiewe optrede, kan 'n hospitaal ontwikkel of agteruitgaan. 'n Despotiese houding sal stroefheid veroorsaak, en enige superintendent wat só handel, sal moeilikheid vooruitloop. Hierdie persoonlike element sal natuurlik altyd teenwoordig wees. Dit kan uitgeskakel word deur superintendente sorgvuldig te kies en salarisse en vooruitsigte aantreklik genoeg te maak om bekwame en belangstellende kandidate te trek.

(iii) Dit is onwaarskynlik dat die ‚beste geneeshere' getrek sal word vir administratiewe werk. Hierdie term ‚beste geneeshere' is onlogies en relatief. 'n Goeie klinikus is nie noodwendig 'n goeie organiseerder en administratiewe beampte nie, en andersom is 'n goeie administratiewe geneeshеer nie noodwendig 'n swak klinikus nie. Administrasie is 'n rigting in medisyne, en sekere geneeshere sal 'n voorliefde daarvoor toon.

(iv) Die indiensneming van superintendente en sekretarisse in dieselfde hospitale kan tot verwarring lei by die indeling van

verantwoordelikhede en pligte. Indien hierdie bewering juis is, sal dit tot nadeel van die inrigting strek. Prakties word dit seldsaam teëgekom. Dit is vanselfsprekend dat die sekretaris as senior beampte, in alle sake in sy sfeer geken moet word. Soos reeds vermeld sal die fout hier by die ampsdraers lê en nie by die stelsel nie.

Menings van Superintendente

In 1954 is 'n memorandum opgestel deur senior mediese administratiewe beamptes van streeksrade in Engeland en aan die Ministerie van Gesondheid voorgelê. Hulle menings was as volg, en ek wil dit graag aanhaal soos dit oorspronklik verskyn het:

'The medical administrator is one who is in the best position to appreciate the needs and the resources of the hospital staff, the general practitioner and the general public, and even beyond the hospital walls there are many spheres of action in which he can take part for the good of the service. Human relationships need a sympathetic administration, and many of the problems involve a proper understanding of medical considerations. The lay administrator, by reason of his training and background, is not in the best position to undertake problems of medical administration.

'Clinicians have in the past expressed their fears of clinical direction, but medical administrators and clinicians can and do work side by side to their mutual advantage by providing a more efficient coordination, particularly where common services are concerned, and by avoiding any tendency for various specialities to become confined in watertight compartments. He could also further the cause of economy in many ways by wise spending throughout, particularly in relation to drugs, dressings, equipment, instruments and appliances'.

Ook in 1954 is 'n memorandum opgestel deur die 'Institute of Hospital Administrators', wie se lede grotendeels leke is. Ek haal weer aan uit hulle oorspronklike memorandum:

'The oversight and administration of a hospital of any size is a full-time job. If it is to be done adequately, it cannot be done as a side-line. If, therefore, the medical administrative officer takes an active part in clinical work, for which he has trained and qualified, either the administration must suffer or responsibility for it must be carried by someone else (without the proper authority).

'If placed in full administrative charge, the medical administrator seeks to exercise control over clinical practice, this is resented by senior medical colleagues with resultant friction and difficulties. If he does not exercise any such control, then the reason for his choice as administrative officer in charge in preference to a non-medical officer disappears.

'It must be questioned whether a medical administrator who is also undertaking clinical duties is likely to provide any more informed or balanced opinion on matters of medical policy, than other members of the senior medical staff. No less may it be doubted that he would in reality much better appreciate the needs of the various departments and decide in particular on a more balanced allocation of facilities. He is no less likely to be biased than other colleagues, and experience shows that he tends to be suspected by his colleagues of being influenced by his personal interest in a particular department.'

As die twee uittreksels vergelyk word, is dit duidelik dat redenasies van die leke-administrateurs negatief voorkom, en dat hulle aanval liewer teen die persoon van die mediese superintendent gemik is, as teen die stelsel. Die memorandum van die mediese beamptes is nie persoonlik of aanstootlik nie, maar gemik teen die onvermydelike leemte in die administrateur se opleiding vir hierdie soort betrekking.

GEVOLGTREKKINGS

In Engeland het hierdie netelige probleem in 'n ongelukkige tweestryd ontwikkel. Deur verskeie persone, en nie alleen deur geneeshere nie, is die mening uitgespreek dat die stelsel om leke-administrateurs aan te stel in plek van superintendente nie suksesvol is nie. Van beamptes in die Ministerie is ook verneem dat hierdie stelsel nie die verwagte vrugte afgewerp het nie. Ontevredenheid is te bespeur by geneeshere sowel as verplegingpersoneel. Die tekens is wel daar dat stappe aangewend word om die gemis aan mediese superintendente aan te vul.

Die gelyke drievoudige stelsel van bestuur van hospitale toon in praktyk dat 'n sterk gesaghebbende faktor nodig is om 'n positiewe beleid uit te voer en leiding te gee.

Die neiging van leke-administrateurs om hospitale as besighede te bestuur, is finansieel goed, maar die primêre doel, naamlik, die pasiënt se welsyn, word agterweë gelaat. Hoe bevoegd hierdie administrateurs ook al mag wees, is dit onaanneemlik dat hulle met hul verskeie komitees sake kan oplos sonder omslagtigheid.

Hierdie metode van organisasie en bestuur in Engelse hospitale is moontlik omdat mediese beamptes wat in diens van die Ministerie is, hoe senior hulle ook al mag wees, bereid moet wees om hulleself ten alle tye beskikbaar te stel vir komiteevergaderings, ens. Ook is daar so 'n groot aantal spesialiste beskikbaar vir al die hospitale in Engeland. Dit is ondenkbaar dat so 'n stelsel enigsins kan slaag of selfs gedeeltelik kan slaag in hospitale wat nie beskik oor 'n hele aantal spesialiste in elke vertakking van die medisyne nie.

Na noukeurige ondersoek van die getalle leke-administratiewe beamptes van alle grade in Engelse hospitale, wil dit voorkom of hulle getalle veel groter is as die vergelykende getalle in Skotse hospitale waar mediese superintendente in beheer is. Dit word toegeskryf aan die feit dat leke-administrateurs nou met meer mediese aangeleenthede belas is, en derhalwe nie genoeg tyd kan bestee aan sake wat suiwer in hulle sfeer val nie.

'n Punt van die allergrootste belang is dat die medekollegas in Engeland self seer sekerlik die liggaam was wat die meeste bygedra het tot die afskaffing van mediese superintendente. Indien die mediese professie hul steun aan die superintendente toegesê het soos in Skotland, sou hierdie toedrag van sake nie ontstaan het nie. Dit is voorwaar 'n tragedie dat die professie self hierdie belangrike vertakking van die medisyne verdoem het.

Maar wie is grotendeels te blameer? In die lig van feite en verslae is dit duidelik dat die superintendente grotendeels daartoe bygedra het deur nie in hulle handel en wandel te bewys dat hulle 'n positiewe en onmisbare skakel was in mediese dienste nie. Die mediese personeel kon geken word in alle sake, sonder afbreuk te doen aan die superintendent se gesag en status.

Ten slotte, Suid-Afrikaanse hospitale is nou op die vooraand van ongekende uitbreiding en vooruitgang. Die vraag is om *meer en beter dienste aan die pasiënt*. In hierdie ontwikkeling moet superintendente onteenseglik bewys dat hulle hul bestaan regverdig. Verder moet hulle bestaan gekonsolideer word, en dit kan alleen gedoen word deur kragdadige

en konstruktiewe optrede. 'n Rustige en passiewe bestaan sal fataal wees.

Na alles in oënskou geneem is, is dit my vaste oortuiging dat die beheer van hospitale deur mediese superintendente noodsaaklik is; dat hulle waardevolle bydraes kan lewer tot doeltreffende mediese dienste; en dat deur 'n fyn besigheidsin, energieke optrede, en versiende beplanning, hulle onmisbaar sal wees in Suid-Afrikaanse hospitaaldienste.

OPSOMMING

Die toestand van hospitaaladministrasie in Groot-Brittanje en Skotland voor die jaar 1948, toe die Nasionale Gesondheidsdienste deur die regering ingestel is, word geskets. Die stelsel soos in Engeland toegepas en die praktyk in Skotland word vergelyk.

Die huidige toestand wat ontwikkel het na 1948 word bespreek. Onder hierdie bedeling is daar twee stelsels. Eerstens is daar hospitale wat beheer word deur leke-administrateurs met talle adviesrade waardeur alle handeling vertraag word, en as gevolg waarvan baie spanninge heers tussen die verskillende groepe—medici, verplegings- en administratiewe personeel. Tweedens is daar hospitale wat beheer word deur 'n geneesheer-direkteur wat nie self kliniese werk doen nie en sodoende nie in botsing kom met kollegas nie, maar as koördinerende faktor die beste verkry vir die behandeling van pasiënte op alle terreine.

Die verskillende bestaande stelsels word geanaliseer, gekritiseer, die voordele en nadele bespreek, en vergelykings word getref. Die toestande word vergelyk met heersende toestande in Suid-Afrika en 'n logiese gevolgtrekking vir die beste beheer oor hospitale in Suid-Afrika word gemaak.

THE IMPORTANCE OF RADIOGRAPHIC EXAMINATION OF THE OESOPHAGUS AND ROUTINE CHEST RADIOGRAPHY AFTER OESOPHAGOSCOPY

GEORGE COHEN, M.B., B.CH. (RAND), D.M.R.D. (R.C.P. & S.) and JOSEPH KATZ, M.B., B.CH. (RAND), F.R.C.S. (EDIN.)
Johannesburg

Oesophagoscopy is usually performed on an oesophagus suspected of being diseased. Owing to its taut suspension between points of fixation at both its upper and lower ends, the normal oesophagus is a particularly friable organ.[1] The pathological oesophagus, because of the disease process present, is even more friable, and particularly prone to rupture of its wall, with fistula formation.

Reports on the incidence of acquired oesophageal fistula place trauma due to instrumentation as the second commonest cause.[2] They suggest that the commonest is carcinoma of the oesophagus.[2] Another common group is said to be that of 'unknown aetiology'.[2]

In a recent series of 29 radiographically investigated cases of carcinoma of the oesophagus, in all of which the patient had undergone oesophagoscopy and some had had a Souttar's tube installed, no less than 13 presented with fistulae in one direction or another (i.e. 45% of those examined). Three (23%) of the fistulae could definitely be traced to instrumentation. In each of these 3 cases radiographic examination of the chest and oesophagus was performed both before and after oesophagoscopy. It is our contention that if all oesophagoscopy patients were subjected to both pre- and post-oesophagoscopic radiographic examinations the reported frequency of fistulae due to this instrumentation would be much higher. Furthermore, we feel that the statement that carcinoma of the oesophagus *per se* is the commonest cause of acquired oesophageal fistula should not be automatically accepted. Instrumentation, which is a routine investigation in these cases, is probably a much more frequent cause of fistula in a malignant oesophagus than is realized. We further suggest that the percentage of acquired fistulae of truly 'unknown aetiology' would be less if all possibility of instrumental causation was excluded.

It may be argued that a fistula produced by oesophagoscopy would present with signs and symptoms which would result in a quick request for contrast medium studies and chest radiography. On the contrary, of the 13 cases with fistula found in our series, only one presented with the symptoms of gangrenous mediastinitis or pneumonitis that are expected in such cases. This absence of signs and symptoms has been

Fig. 1. Case 1. Oesophago-pleural fistula. X-ray of chest.
Fig. 2. Case 1. Oesophago-pleural fistula.[1] See text.

Fig. 3. Case 2. Oesophago mediastinal fistula. See text.
Figs. 4 and 5. Case 3. Oesophago-mediastino-bronchial fistula.[1] See text.

noted by Abrams,[2] who stated that 'regurgitation, often attributed to nervousness, may be the only complaint'. He also wrote: 'Fistulae of acquired origin may be present for years before producing symptoms. The latter may be due to a small slit or valve-like opening in the oesophagus, or to closure of the tract by contraction of the oesophagus, and possibly of the trachea and bronchi, during deglutition.'

Radiological Technique

We suggest that, in all cases which are to undergo oesophagoscopy, a pre-operative contrast-medium swallow and straight X-ray of the chest should be instituted, and that both these investigations should be repeated after instrumentation.

In addition, the routine procedure for a contrast-medium swallow should be altered. The usual positions for radiography in the erect and supine and/or prone positions are inadequate. It has been found that if a fistula passes from the oesophageal wall in a somewhat upward direction either to the mediastinum or to part of the respiratory tree, it will not be demonstrated either partially or in its entirety if this routine procedure is followed. The patient should therefore be placed in the supine and/or prone position with the head tilted downwards and then asked to swallow the contrast medium. In addition further views are advisable. If a fistula passes from the oesophageal wall in an upward direction and to the left then, in addition to the supine position with the head tilted down, a position should be taken in which the chest is tilted with the right side upward, i.e. the right anterior oblique position. If the fistula passes to the right and upwards, then the patient should lie supine with the head tilted down and the chest tilted with the left side up, i.e. in the left anterior oblique position.

The importance of these radiological manœuvres is demonstrated in the following case reports:

Case 1

This case has previously been described as the first demonstration of an oesophago-pleural fistula outlined with contrast medium.[1]

A middle-aged male African was to be treated for an inoperable carcinoma of the middle third of the oesophagus. His chest was radiographed pre-operatively and was found to have normally transradiant lung fields. A contrast-medium swallow demonstrated the carcinoma but no fistula was present.

A Souttar's tube containing radium was inserted and a routine chest radiograph was ordered on the patient, who was comfortable and symptom-free. The radiograph revealed the presence of a right-sided haemo- or hydropneumothorax. An immediate diagnosis was made of an oesophago-pleural fistula. (Fig. 1.)

A contrast-medium swallow was done and the above diagnosis confirmed. (Fig.2.)

Case 2

A diagnostic oesophagoscopy on an African male had revealed the presence of a carcinoma in the upper third. After the operation the patient was symptom-free, but a routine chest X-ray then instituted revealed surgical emphysema of the neck and shoulders. A diagnosis of oesophago-mediastinal fistula was made and was confirmed on contrast-medium swallows. (Fig. 3.)

Case 3

A radium-containing Souttar's tube was placed into an oesophagus for a lower-third carcinoma. A routine post-operative radiograph of the chest revealed surgical emphysema in the region of the left shoulder. This patient, unlike cases 1 and 2, was not completely asymptomatic—he had developed a post-operative cough.

A contrast-medium swallow revealed the presence of an oesophago-mediastinal fistula (Fig. 4), which was demonstrated on the right border of the oesophagus and appeared to pass in an upward direction. The technique described above of tilting the patient with the head downwards and the left side raised resulted in the demonstration of the entire course of the fistula, which was now found to penetrate the right lower-lobe bronchus; that is to say, it was an oesophago-mediastino-bronchial fistula (Fig. 5).

SUMMARY

1. In a series of 29 cases of carcinoma of the oesophagus 43% were found to have fistulae present either pre- or post-operatively. Three could be demonstrated for the first time post-operatively by routine chest radiography, confirmed on contrast medium swallow.

2. Most patients with fistulae were asymptomatic.

3. Radiological studies of chest and oesophagus are considered to be essential routine procedures both before and after oesophagoscopy.

4. The usual radiological positions for oesophageal examination are inadequate and inaccurate. Procedures varying from the usual technique were found to be more thorough and accurate.

5. The importance of routine post-oesophagoscopy X-rays and the importance of the altered technique is demonstrated in 3 case reports.

Our thanks are to be extended for facilities made available to Dr. K. Mills, Superintendent, and Dr. Josse Kaye, Chief Radiologist, Johannesburg General Hospital, and to Dr. P. Keen, Surgeon Superintendent of the Non-European Hospital, Johannesburg. We also wish to thank Miss M. Tompkins for the photographic reproductions.

REFERENCES

1. Katz, J. and Cohen, G. (1959): S. Afr. Med. J., 33, 773.
2. Abrams, H. S. (1954): Arch. Otolaryng., 60, 371.

Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde : South African Medical Journal

VAN DIE REDAKSIE : EDITORIAL

BEDSERE

Die omvang van die probleem van bedsere styg eweredig met die lengte van die tydperk waarin 'n pasiënt die bed moet hou. Hoewel hierdie probleem dikwels in ‚akute' hospitale groot afmetings aanneem, word dit van allergrootste belang in die gevalle van chroniese invalides. Daar is seker min toestande wat so 'n algehele gevoel van frustrasie by die geneesheer opwek as 'n groot, diep bedseer. Soos by ander toestande is voorkoming hier nie alleen beter as genesing nie, maar heelwat eenvoudiger; en tog haas ons om by te voeg dat die probleem van voorkoming self ook baie lastige probleme oplewer, sommige waarvan dikwels onoplosbaar is.[2]

Guttmann[1] verdeel die faktore wat lei tot bedsere in (*a*) intrinsieke en (*b*) ekstrinsieke faktore. Intrinsieke faktore kom veral by die bejaarde, baie siek of verswakte pasiënt voor, en onder hierdie faktore sluit Guttmann in bewegingloosheid in die bed en 'n verlaagde weefselweerstand teen faktore wat druk veroorsaak. Die bewegingloosheid kan toegeskryf word aan verminderde sensasie vir druk (en dus die behoefte aan verandering van posisie), geestelike apatie, en spierswakheid. Paraplegie is dan ook die prototipe van hierdie tot-bedseer-geneigde pasiënt, aangesien sensoriese en motoriese belemmering hier dikwels voorkom. Die verlaagde weerstand van die weefsels teen druk en infeksie is net nog 'n uitdrukking van versteurde fisiologiese toestande oor die algemeen by die bejaarde verswakte pasiënt.

In paraplegie word die verlaagde weerstand verder vererger deur verlies aan vasomotoriese kontrole met gevolglike vasodilatasie en kapillêre beskadiging.[1]

Die ekstrinsieke faktore behels in hoofsaak lokale druk en maserasie van die vel deur 'n langdurende klam omgewing, hetsy die gevolg van sweet, urine, of ontlasting. Daar is egter rede om te vermoed dat voortdurende vogtigheid 'n minder belangrike rol speel as wat voorheen vermoed is, want dit is seldsaam om enige diep ulserasie in die perineum, die skrotum of die lieste waar te neem.[2]

Die tradisionele geloof dat die primêre letsel in die vel is, en dat dit te wyte is aan swak verpleging, is waarskynlik in die meerderheid van gevalle nie korrek nie.[2] As oppervlakkige nekrotiese vel soms verwyder word, is mens verbaas om heel dikwels 'n veel groter nekrotiese gebied in die onderliggende spiere waar te neem. Groth[3] en Husain[4] het dan ook getoon (met dier-eksperimente) dat die vel en onderhuidse weefsel baie meer weerstand teen drukbeskadiging het as die onderliggende spiere. Solank druk uitgeoefen word, word die bloedvate toegedruk en as die druk opgehef word, is daar reaktiewe hiperemie, verhoogde kapillêre deurlaatbaarheid met lokale edeem, en weefselnekrose. Ons wil nie hiermee die belang van goeie velversorging minag nie, maar die aandag vestig op die belangrikheid van druk in die patogenese van die letsel.

Baie werk moet nog gedoen word oor die grondliggende veranderings by die ontstaan van bedsere. So het Poer[5] bv. getoon dat tot 50 g. proteïen verlore mag gaan uit 'n groot bedseer en, as die grondslag van die behandeling, sou 'n hoë proteïen, bv. hoë kalorie-dieet, 'n vereiste wees. 'n Hemoglobien van minder as 12 g.% is ook nadelig en vertraag genesing aansienlik. Hierdie anemie kan verskillende oorsake hê, onder andere chroniese sepsis, bloedverlies en swak voeding.[5]

Die gevolge van druk is verder by elf normale sittende persone deur Kosiak[6] en sy medewerkers gemeet, veral onder die sitvlak en die sitbeenknobbels. Hul stel 'n spesiale stoel voor vir sittende paraplegiese pasiënte.

In 'n reeks wat tydens die dae van bedrus vir paraplegielyers gepubliseer is, was 10% van die sere oor die ischium,[7] maar in 1949, toe die belang van die sittende posisie besef is, was 53·2% van die sere oor die ischium.[8] Hierdie syfers toon nie net hoe belangrik druk is nie, maar ook dat ons nou die ernstiger sakrale en trokanteriese sere deur vroeë ambulasie kan voorkom.

Die voorkomende behandeling is, soos genoem, uiters belangrik. Op die verpleging wil ons nie verder ingaan nie, behalwe om aan te toon dat aanhoudende druk voorkom moet word en dat skuiwende of torsie-druk baie belangrik is by pasiënte wat bv. hartversaking het en in 'n ortopneeposisie in die bed sit. Die afskuif van sulke pasiënte in die bed is so belangrik dat 'n voetrus of die outydse ‚donkie' onder die knieë dalk weer ingevoer moet word.[2] Ringe onder die hakskene is nutteloos en gevaarlik, hoewel min verpleegsters en susters dit sal glo. Die ring span die vel styf oor die kalkaneus en veroorsaak dikwels erger ulkusse. 'n Kussing onder die kuite is verkieslik.[2]

Baie was met seep en water oor druk-areas is nadelig en silikoon-preparate is verkieslik,[9] bv. Silicone vasogen (20% polidimetielsiloxaan in 'n wateroplosbare basis).

Verder moet ons let op 'n hoë proteïen-dieet en vitamienaanvulling soos reeds genoem. Die hemoglobien moet bo 12 g.% gehandhaaf word.[5] Wat betref die gevestigde ulkus is die chirurgiese behandeling deur verskeie werkers bespreek; 'n nuttige oorsig in hierdie verband is dié van Snell.[10]

Eusol 1 : 8 oplossing is doeltreffend om die Meeste oppervlakkige ulkusse te ontsmet. Bors en Comarr[11] toon dat bakterieë 'n betreklike geringe rol speel, maar kweking en plaaslike antibiotiese behandeling het waarskynlik tog 'n plek in die behandeling.

Spierspasma en spastisiteit is ernstige nadele waarvoor anterior rhizotomie of neurotomie nodig mag wees, maar die onlangse beskrywing van 'n mediese anterior rhizotomie deur fenol inspuitings in die subarachnoidale ruimte, is 'n veel kleiner en, uit die internis se oogpunt, verkiesliker prosedure.[12,13]

Dit is moontlik dat bedsere net 'n herinnering aan die donkere verlede word, maar dan genoodsaak dit ons om meer aktief belang te stel en meer aktiewe basiese navorsing aan die probleem te wy. Ons moet die pasiënt met bedsere ook nie meer as ‚suster se pasiënt' beskou nie. Baie aspekte van verpleging in gevalle met bedsere regverdig 'n kritiese, wetenskaplike studie en nie net ‚kliniese intuïsie' nie.

1. Guttmann, L. (1956): Brit. J. Plast. Surg., **8**, 196.
2. Farquharson, E. L. (1958): Practitioner, **181**, 653.
3. Groth, K. E. (1942): Acta med. scand., **87**, suppl., 76.
4. Husain, T. (1953): J. Path. Bact., **66**, 347.
5. Poer, D. H. (1946): Ann. Surg., **123**, 510.

6. Kosiak, M., Kubicek, W. G., Olson, M., Danz, J. N. en Kottke, F. J. (1958): Arch. Phys. Med., 39, 623.
7. Conway, H., Krainl, C. J., Clifford, R. H., Gelb, J., Joseph, J. H. en Leveridge, L. L. (1947): Surg. Gynec. Obstet., 85, 321.
8. Blocksma, R., Kostrubala, J. G. en Grecley, P. W. (1949): Plast. Reconstr. Surg., 4, 123.
9. Bateman, F. J. A. (1956): Brit. Med. J., 11, 554.
10. Snell, J. A. (1958): Med. J. Aust., 2, 109.
11. Bors, E. en Comarr, A. E. (1948): Surg. Gynec. Obstet., 87, 68.
12. Nathan, P. W. (1959): Lancet 2, 1099.
13. Kelly R. E. en Gautier-Smith, P. C. (1959): *Ibid.*, 2, 1102.

BIOLOGY IN THE TWENTIETH CENTURY

Modern biology has developed along several different lines. The influence of systematic zoology and botany on biology has continued from the nineteenth century, but the contribution of these basic sciences to modern biology has become relatively less as more potent influences from medicine, agriculture, and biological industry have developed.

